


1. Diamantontginning begin in S.A.

- In 1866 het Erasmus Jacobs (kind van 'n Nederlandse boer) die 1ste diamant op die oewers van die Oranjerivier gekry!
 - Dit was op die plaas De Kalk, naby Hopetown.
 - Hierdie was die [Eureka Diamant](#) (21.19 karaat).



Dit was die begin van 'n **Minerale revolusie** in S.A.



- Toe nog diamante verkry is, 3de een in 1871 (83,5 karaat), het die diamantstormloop begin.

1. Diamontontginning begin in S.A. (vervolg)

- Diamantstormloop was op Kimberley gefokus.
- 100'de het hier betrokke geraak in oopgroefmyne, wat uiteindelik die Groot Gat to gevolg gehad het.



- Hierdie het ook gehelp om goudmynbou aan die Witwatersrand (nou Johannesburg-area) te finansier toe goud in 1886 daar ontdek is.

2. Toenemende beheer oor swart werkers

- Brittanje & Mynbase het maniere gesoek om swart Afrikane te beheer en te hou in Kimberley...dus het **geslote kampongs** begin.



'n Geslote kampong in Kimberley in die 1890's
(www.sahistory.org.za)

2.1 Wat was geslote kampongs?

1. Soort omheinde verblyf vir **trekarbeiders**.
2. Baie basiese verblyf voorsien, met 4-6 mans wat in 'n beknopte ruimte woon.
3. Badkamers/Toiletgeriewe is gedeel.
4. Sowat 15 jaar NADAT diamantmynbou in Kimberley in 1885 begin het, het mynmaatskappye begin om geslote kampongs in te stel om hul swart werksmag te huisves.


2.1 Wat was geslote kampongs? (vervolg)

- Teen 1889 het daar 10 000 swart mynwerkers in Kimberley in geslote kampongs gewoon. Dié stelsel was SO suksesvol dat dit later op die goudmyne gedupliseer is, omdat hulle dan maksimum werk uit die werkers kry!




2.2 Trekarbeid

- Afrikane het ver gereis om op die myne te werk, soms tot 1500km!
- Vanaf 1872 is trekarbeid deur 'n **passtelsel** beheer.
- Mynbase het graag trek-
arbeiders gebruik omdat
hulle lae lone aan hul
kon betaal.
- Hulle het gewerk op 'n
kontrakbasis.





3. Ondergang van die Afrika-koninkryke



- Britte het grondontoeieing van die Afrika-koninkryke in S.A. bevorder!
- Dié nasies het die bogenoemde ervaar:

- 3.1 Xhosas (1878)
 - 3.2 Zoeloes
 - 3.3 Pedi's
- (1879)

FIGUUR 40

Britse verkryging van grond, 1800's
(Bron: Met vergunning van nguni.com)

Skets bl.109
in handboek

3.1 Grondonteiening en die ondergang van die Xhosas

- Die Xhosa-oorloë (of Kaapse grensoorloë) , was 'n reeks van NEGE oorloë van 1779-1879 in die Oos-Kaap.
 - Oorloë 1+2+3 = Teen die Trekboere.
 - Oorloë 4+5+6+7+8+9 = Teen die Britte.




3.2 Grondonteiening en die ondergang van die Zoeloes

- Na die dood van Mpande in 1873 het **Cetshwayo** as koning van die Zoeloes geword.
- Hoewel Brittanje hom as koning erken het, het die koloniale owerhede in Natal probeer om hom onder hul beheer te bring.



Self-studie
bl.110
in handboek
(lees net deur)



3.2 Grondontteiening en die ondergang van die Zoeloes (vervolg)

Britte hou oorlog teen Zoeloes:

- Generaal Frederick Thesiger het 17 000 soldate in Zoeloeland gelei, en bly toe by Isandlwana (die berg se naam in Zoeloeland).
- Thesiger het toe later sy mag in 2 groepe verdeel.
(1 groep het 'n klein zoeloe-groep gejaag, terwyl res by kamp bly)
- Op 22 Jan 1879 het ± 20 000 Zoeloekrygers die Britte by Isandlwana aangeval, en gewen!
- Britte het later, die Zoeloes, op 4 Julie 1879, by die slag van Ulundi verslaan!
- Cetshwayo is op 28 Aug gevangene geneem.



3.3 Grondonteiening en die ondergang van die Pedi's

- Julie 1876 was begin van 1ste oorlog in Bopedi tussen die Bapedi, Boere en Swazi's.
- In April 1877 is Transvaal deur Brittanje geannekseer.
- Op 28 November 1879 is Sekoekoeni gevange geneem deur die Britte, en die Bapedi is verslaan!

